

Maak Die Vouskerm Vir Jou Tuin.

Jy kan 'n vouskerm in die tuin gebruik om 'n afsonderlike ruimte te skep vir ontspanning, of 'n eetplek of selfs 'n kinder-speelhoekie. Dis hoe jy dit doen.

Materiaal vir 'n skerm:

1.174 m vierkant en 2.289 m hoog.

Al die ru-gesaagde dennestukke se mate sluit 'n lengte afval hout in.

Dennehout - 4 stukke, elkeen 3 m lank en 70 mm vierkant (die hoofpale);

Dennehout - 4 stukke, elkeen 2 m lank en 70 mm vierkant (vir hoofdwarsrelings);

Klaargemaakte dennetraliewerkskerms (2 skerms, 1.86 m hoog en 930 mm breed);


Dennetappenne (8 x 10 mm tappenne, elkeen 70 mm lank - vir vir die tapvoeë);

Gedraaide dennehoutballe - 4 balle met bypassende skroewe (paalversierstukke);

Sinkgeplateerde, kruispunt-versinkskroewe (100 x 38 mm nr. 8, 50 x 50 mm nr. 10);

Gegalvaniseerde U-klemme - 12 met bypassende skroewe;

Groot gegalvaniseerde deurskarniere - 2 met bypassende skroewe en kleurlose preserveer middel.



Vouskerms skep spesiale hoekies in 'n mens se tuin.

Gereedskap:

Potlood, liniaal, maatband, kruishout, winkelhaak, draagbare werkbank, houthamer, skuinskant-beitel (30 mm breed), dwarssaag, klein byltjie, klouhamer, elektriese boor met 10 mm plat boor-punt, koordlose elektriese boor met 'n kruispunt-skroewedraaierpunt, gepaste boorgat vir die skroefgrootte, elektriese skuurder met 'n pak mediumgraad skuurpapier en 'n verfkwas (40 mm).

Maak so:

Merk die doodlooptapgate op al vier die hoofpale (100 mm van die punte af, 30 mm breed en 70 mm lank) en kerf hulle uit met die houthamer en beitel.

Maak die tapgate effens dieper as 50 mm.

Merk die tappe af aan die punte van al vier die hoofdwarsrelings.

Maak hulle 50 mm lank, 30 mm breed, met 20 mm breë skouers aan die kante.

Saag dan af tot by die afvalkant van die skouerlyn en verwyder die afval met die byl en beitel.

Slaan die voeg aanmekaar en boor dan 'n 10 mm gat deur die voeg en steek 'n tappenne daar deur.

Skroef die versierballe in.

Skroef 6 U-klemme aan elke raam, buig die plaatjies oop, plaas die traliewerk in posisie, buig die plaatjies toe en skroef hulle aan die traliewerk vas.

Plaas die twee rame langs mekaar op hul kante sodat die middelpale bo is.

Skroef die skarniere vas (jy kan hulle versink of op die oppervlak monteer).

Skuur die skerm met skuurpapier en bedek met 'n laag kleurlose preserveermiddel.

Bron: Houtwerk vir die tuin, *Struik*, Alan en Gill Bridgewater.